

INHOUDSOPGAWE

1. Hoërskool Ellisras: Akademiese Rekord 2013 – 2017
2. Die keuse van 'n hoërskool.
3. Doelstellings van die skool
4. Missie
5. Etos (karakter) van die skool
6. Leuse van Hoërskool Ellisras
7. Simboliek van die skoolwapen
8. Skoollied
9. Uitleg van die skoolterrein
10. Erekode van Hoërskool Ellisras
11. Rassieraad
12. Skooldagboek
13. Skooltye
14. Skoolrooster
15. Toelatingsvereistes
16. Skoolfonds
17. Skool- en sportdrag: Seuns
18. Skool- en sportdrag: Dogters
19. Klerebank
20. Snoepie
21. Oueraande
22. Sport en Kultuur
23. Dag voor die skool begin
24. Akademiese- en skoolaangeleenthede
25. Eksamen en toetse
26. Gedragskode

1. HOËRSKOOL ELLISRAS: AKADEMIESE REKORD (2013 – 2017)

2013: Beste prestasies in die Waterbergdistrik :

- IT (ook die beste in Limpopo)
- Eng FAL
- Eng HL
- Geografie
- Rekeningkunde
- Afr HT
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde (99%)

Twee leerders behaal 8 onderskeidings elk

Beste voormalige Model C-skool vir die 2de agtereenvolgende jaar

Waterberg Top 10-presteerders: No 1, 2 en 3

2014: Beste prestasie in Waterbergdistrik in

- RTT (ook beste in Limpopo)
- Eng FAL
- Afr HT
- IGO

Een leerder behaal 8 onderskeidings

2015: Beste prestasie in Waterberg in

- Eng FAL
- RTT
- Geografie
- IGO
- Fisiese Wetenskap

Twee leerders behaal 8 onderskeidings elk.

Drie leerders eindig onder die Top 10-presteerders in Waterberg.

2016: Beste prestasie in Waterberg in:

- Afr HT
- IT
- IGO
- LO

Vyf van ons leerders is onder die beste presteerders in die Waterbergdistrik.

Een leerder is die beste presteerder in AFR HT in Limpopo.

2017: Beste prestasie in Waterberg in:

- Wiskunde
- Vis. Kuns

Een leerder behaal 8 onderskeidings.

EHS is 4e in Waterbergdistrik en 1ste in Ellisras Kring

Onderwysers:

- Limpopo eksaminators: 2 onderwysers van ons skool is Limpopo-eksaminators naamlik in RTT en Lewenswetenskappe.
- Limpopo Moderators: die Limpopo moderator vir IT asook vir English First Additional Language is ook afkomstig van ons skool,.
- 'n Winter- en lenteskool word jaarliks aangebied vir gr 12-leerders.
- Ekstra akademiese klasse word in verskeie vakke aangebied.
- Die Tegniese baan bied Ingenieursgrafika en -ontwerp, Elektriese Tegnologie, Siviele Tegnologie, Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap aan.
- Visuele Kuns en Verbruikerstudies is twee van die vakke wat aangebied word waarin leerders hulle kreatiwiteit en talente kan uitleef.

2. DIE KEUSE VAN DIE BESTE HOËRSKOOLOOPBAAN

Aan die ouers van gr 7-leerders en ander voornemende Rassies:

Enige persoon wat daarop uit is om 'n lys van negatiewe eienskappe oor 'n instelling te maak, sal sekerlik baie items vir hierdie lys kan vind. Aan die ander kant, sou jy daarop uit wees om 'n lys van **positiewe** punte te maak, sal dit ook heeltemal moontlik wees. Die geheim is om objektief te bly sou jy 'n realistiese prentjie wou kry.

Alle ouers wil graag die beste vir hulle kinders hê en die keuse van 'n Hoërskool is sekerlik een van die belangrikste keuses om te maak. In 'n dorp soos Lephalale is die keuses beperk en, sou 'n alternatiewe skool as die plaaslikes oorweeg word, mag dit daarop neerkom dat kinders na 'n ander dorp gestuur moet word vir die res van hulle skoolloopbane. Getrou aan die menslike natuur, verskil die ervaring van sy/haar hoërskoolloopbaan van kind tot kind en ook van ouer tot ouer. Dit is belangrik om alle aspekte van die persoonlikheid van jou *eie kind* in ag te neem wanneer daar oor hoërskoollewe gedink word en NIE die ervarings en oorwegings van *ander* mense nie. Sal *my kind* noodwendig beter af wees elders, of kan hy/sy 'n sukses maak van enige hoërskool-omgewing? 'Skoolprobleme' is immers basies dieselfde oraloor en dieselfde geld vir 'tienerprobleme'.

Voordat u hierdie uiters belangrike besluit neem, neem asseblief die volgende in ag:

GEEN SKOOL IS NET GOED OF NET SLEG NIE.

- 2.1 Finansiële voordele: hierdie is sekerlik die mees algemene. 'n Kind wat weg van die huis woon, beteken meer reiskostes, akkommodasiekostes, ens. – 'n situasie wat nie die geval sou wees wanneer die kind in die ouerhuis woon nie.
- 2.2 Psigiologiese en formatiewe voordele: 'n kind wat vol selfvertroue en 'volwasse' voorkom in graad 7 mag, sonder die ondersteuning van die ouerhuis dalk meer afhanklik wees as wat ouers mag besef. Kinders wat nie sekere situasies kan hanteer nie, ly dikwels aan erge depressie, volgens kundiges wat baie van hierdie kinders behandel. Veral wanneer probleme voorkom wat tipies is aan die tienerstadium en groepsdruk, het die kind die emosionele ondersteuning van die ouers op **kort kennisgewing** nodig, en ver afstande mag dan problematies wees. Volgens 'n ouer wat aanvanklik oorweeg het om haar kind na 'n skool in 'n ander dorp te stuur, het die sake wat haar dogter met haar bespreek het deur die loop van haar hoërskoolloopbaan haar laat besef dat sy steeds die beste persoon is teenoor wie haar kind kon oopmaak om haar kind se vrae en bekommernisse aan te spreek.
- 2.3 Ander voordele:
- Ondersteuningstelsel: die emosionele steun en geborgenheid wat die ouerhuis bied is van onskatbare waarde.
 - Mediese sorg: enige mediese noodgeval kan beter deur 'n ouer hanteer word as deur 'n relatiewe vreemdeling.
 - Dissipline en skoolwerk: nie alle tieners is verantwoordelik genoeg om die 'vryhied' van uit-onder-die-oë van 'n ouer te wees met verantwoordelikheid te hanteer nie.
 - Kerklidmaatskap: kinders wat skoolgaan in een dorp gaan huis toe gedurende naweke en mag dit moeilik vind om 'n verhouding op te bou met die predikant van die gemeente waar hy/sy aangeneem sal word.

3. DOELSTELLINGS VAN HOËRSKOOLO ELLISRAS

Die handhawing, beskerming en bevordering van:

- * Christelike waardes en norme soos vervat in die Bybel as Woord van God;
- * 'n Christelike opvoeding in en deur die skool met inagneming van die bepalings van die landswette;
- * die karakter en etos van die skool;
- * akademiese standaard en onderrig;
- * buitekurrikulêre aktiwiteite;
- * personeelontwikkeling;
- * ouerbetrokkenheid;
- * om met die etos van die skool as fondament, die leerders op te voed tot verantwoordelike volwasseheid;
- * om inwoning, voedsel en geriewe van aanvaarbare standaard aan koshuis-leerders van die skool te voorsien;
- * om gesonde finansiële bestuur toe te pas;
- * om die skool in samewerking met ander onderwysvennote te bestuur tot voordeel van die skool;

- * om 'n gesonde balans te handhaaf tussen binne- en buitekurrikulêre aktiwiteite van die skool, en
- * om die skool doelgerig te bemark.

4. MISSIE VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Die beheerliggaam sal, as amptelike mondstuk van die ouergemeenskap van HOËRSKOOL ELLISRAS, uitvoering gee aan die pligte en verantwoordelikhede aan hom opgedra deur die Wet en die Regulasies binne die regte en magte aan hom aldus toegeken.

Hierdie beheerliggaam ondersteun onomwonde moedertaal - en Christelike onderwys en sal toesien dat die Woord van God as rigsnoer dien om die Christelike waardes by ons kinders in te skerp soos verwoord in Deuteronomium 7: 6-7:

“Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is, as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.”

Die beheerliggaam strewende voorts daarna om deurgaans die beste belang van die kinders, onderwysers, ouers en die gemeenskap te soek en te dien.

5. ETOS (KARAKTER) VAN HOËRSKOOL ELLISRAS

Die beheerliggaam en die ouergemeenskap van Hoërskool Ellisras verbind hulle tot die etos van ons skool soos omskryf is in:

’n Christelike Karakter

Die skool onderskryf die belydenis van God Drie-enig en stel dit voorop as ’n vereiste. Christenskap word daadwerklik uitgeleef en bevorder. Die Christelike karakter van die skool word op alle vlakke toegepas.

Kultuur

Die skool bevorder die Afrikaanse taal, kultuur en tradisie en gee erkenning aan ander taalgroepe en tradisies.

Orde en Gesag

Goeie orde en ’n gesonde gesags- en dissiplinestruktuur sal in die skool gehandhaaf word.

6. ONS LEUSE : VASBERADE

Die leuse is ontleen van die skoollied omdat dit die strewende van ons skool duidelik saamvat nl. om doelgerig te strewende na die opbou van ons land tot eer van God.

7. SIMBOLIEK VAN ONSKOOLWAPEN

Gebaseer op die idee van “Vasberadenheid”:

- 1 Die oop boek dui op die Bybel as bron van ware kennis.
- 2 Die blou agtergrond simboliseer reinheid en suiwerheid.
- 3 Die ougoud band smee tot hegte eenheid en dui op moed wat krag vind in die Bybel.
- 4 Die hand met die dokument simboliseer vasberadenheid om kennis te verwerf en behou.
- 5 Die groen agtergrond bevestig ons geloof in die Ewigheid.



8. SKOOLIED VAN HOËRSKOOLO ELLISRAS

*Ellisras se hoër, die blom van ons Waterbergland
Deur jou streef ons altyd hoër – saam smee
ons die toekomsband
En in gees van volksverlede reik ons steeds
na mooier doel
bly dit altyddeur ons bede – nasietrots
en eergevoel.*


*So staan ons vasberade, ons reik elkaar die hand
In ons geliefde Bosveld, vir die opbou van ons land.*

*Ellisras se hoër, jou naam is en bly ons trots
Op ons lewenspad na vore – ons skool op vaste rots
Heil’ge Woord, geliefde volk – is vervat
In onse doel
Vurig brand die jeug van geesdrif, terwyl ons voorwaarts woel.*

*So staan ons vasberade, ons reik elkaar die hand
In ons geliefde Bosveld, vir die opbou van ons land.*

**Woorde: Prof PJ van der Merwe, Ds AG Munnik en Dr M Munnik
Melodie: Die melodie is gekomponeer deur Andries Celliers
Andries Celliers was die skuilnaam vir Olaf Andresen.**

9. UITLEG VAN DIE SKOOLGRONDE



104 VB/CS	99 VB/CS	GR 8-9	76 / 74 GIMSAAL	GR 8-9	80	83	84	PIET
-----------	----------	--------	-----------------	--------	----	----	----	------

SIVIEL	ELEK	ME GANIES
--------	------	-----------

T8	T9	T10	T11
----	----	-----	-----

T7	T6	T5	STORE	M7A	M7B	M7A
----	----	----	-------	-----	-----	-----

41 COMP	39 COMP	37 COMP	35 LAB	LW LAB	202	201	102	101
---------	---------	---------	--------	--------	-----	-----	-----	-----

87	88	89	89B	MEDIA
24	22	20	7	1
11	9	5	3	1

101	102	103	104	M4A	M4B	M5A	M5B
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

27	25	14	1
----	----	----	---

18	16	14	1
----	----	----	---

GR 12	GR 12
-------	-------

24	22	20	7	1
----	----	----	---	---

10. EREKODE

Aan God en Sy Woord alleen, gee ons die ereplek in ons skool en in ons lewe.

Ons is lojaal teenoor ons volk, taal en tradisie.

Ons is lojaal teenoor ons skool: ons werk vir die goeie naam en eer van ons skool.

Ons wil so lewe dat ons liggaamlik en geestelik rein is, getrou aan die eise van ons gewete.

Ons eer en respekteer ons ouers en onderwysers.

Ons aanvaar alle gesag wat oor ons aangestel is.

Ons strewe daarna om ten alle tye eerlik en opreg te wees.

Ons is gereed om altyd te dien.

Ons wil hoflik en vriendelik teenoor almal optree.

Ons gebruik ons Godgegewe talent en doen elke taak asof vir die Here self.

Ons strewe is na die ewige; nie na die tydelike nie.

Ons woord is ons eer.

11. RASSIERAAD : 2019

Beste Rassie van 2019

En nou is jy deel van ons! Deel van 'n groep jongmense wat VASBERADE saamstaan om in Hoërskool Ellisras die vreugde van jonkwees te kombineer met die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan. Welkom as nuwe Rassie, dit is 'n voorreg om jou by ons te hê.

Ons as Rassieraad glo dat jou geluk in jou eie hande is en dat die keuses wat jy gaan maak, gaan bepaal wie en wat jy gaan wees. Ons wil jou uitnoui, néé uitdaag, om jou beste te wees in die jare wat vir jou voorlê. Gee alles, wees oral betrokke, geniet elke oomblik saam met ons en jy sal sien Rassie-wees is 'n fees!

Bo alles glo ons dat God se Wil en sy Woord jou riglyn moet wees. *Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees (Josua 1:8).*

Mag jy 'n volbloed, volhardende en vasberade Rassie wees, die vrugte daarvan pluk en dit geniet.

Groete

Christiaan en Joey
Presidente 2019

12. SKOOLDAGBOEKIE

Die skool gee sy eie skooldagboekie uit waarin die nodige inligting rondom skoolsake vervat is. Dit sluit die jaarprogram, toetsrooster asook die skool se gedragstelsel in.

Die gebruik van hierdie boekie is verpligtend en die koste is R 40 wat op die dag van registrasie betaal kan word.

13. SKOOLTYE

Die skool begin om 07:00 daaglik en verdaag om 14:00 en 13:00 op Vrydae. Om 07:00 lui 'n klok as teken dat leerders moet aantree vir die opening wat om 07:10 begin.

14. ROOSTER

'n 6-dag siklus word gevolg. (Dag A – F)

15. TOELATINGSVEREISTES

- * Die aanvaarding en voorlewing van Christelike beginsels is 'n vereiste.
- * Die voertaal van die skool is AFRIKAANS met gr 8 - 12 Engelse klasse
- * Die aansoeker moet die beheerliggaam oortuig dat hy/sy die Afrikaanse kultuur, tradisie en sosiale gebruike, wat deel vorm van die skool se etos, sal eerbiedig.

Daar moet aan die volgende ouderdomsperke voldoen word in die jaar van toelating:

Graad 8; 13-14 jaar	Mag nie 15 word in graad 8 nie
Graad 9; 14-15 jaar	Mag nie 16 word in graad 9 nie
Graad 10; 15-16 jaar	Mag nie 17 word in graad 10 nie
Graad 11; 16-17 jaar	Mag nie 18 word in graad 11 nie
Graad 12; 17-18 jaar	Mag nie 19 word in graad 12 nie.

16. SKOOLGELDE

GRADE 8 - 12: R18 400 vir die jaar - Januarie tot November 2019.

KOSHUISGELDE :

R24 700.00 per leerder per jaar.

Die volle bedrag is betaalbaar met registrasie of **kwartaalliks** as volg :

Eerste kwartaal:	R6 300.00
Tweede kwartaal	R6 300.00
Derde kwartaal:	R6 300.00
Vierde kwartaal	R5 800.00

- Registrasiegelde is die eerste dag betaalbaar.

- Geen beurse is beskikbaar nie.
- Vorms is beskikbaar om aansoek te doen vir volle of gedeeltelike vrystelling sou ouers kwalifiseer.

17. KLEREDRAG - SEUNS

SOMER

- * Gr 8 – 11 seuns dra 'n grys skoolhemp met die skoolwapen en grys kort- of langbroek.
- * Gr 12 seuns dra wit skoolhemde met die skoolwapen en 'n grys kort- of langbroek.
- * Slegs grys skoolkouse (EHS) mag gedra word (Geen span- of sportkouse).
- * Slegs swart skooskoene word toegelaat, d.w.s. 'n veterskoen of met 'n eenvoudige gespe. Geen blinkleerskoene of seilskoene word toegelaat nie. Insteekskoene sal slegs aanvaar word indien dit netjies vertoon en styf genoeg om die voet pas sodat dit nie klap/los is wanneer die seun loop nie.
- * 'n Eenvoudige swart lyfband mag gedra word. Geen anderskleurige bande of versierings word toegelaat nie.
- * Geen “beanies”/musse of ander hoofbedekkings mag gedra word nie.



WINTER

- * Gr 8 – 11 seuns dra grys langbroeke en grys skoolhemde met die skoolwapen op. Alternatiewelik mag skoolkortbroeke gedra word. Gr 12 seuns dra wit skoolhemde met die skoolwapen.
- * Oortrekuie (“pull overs”) moet bottelgroen wees, maar is opsioneel. RR-lede dra wit oortrekuie.
- * Skooltruie moet bottelgroen wees met die skoolwapen op geborduur. Moue mag nie opgeskuif word nie.
- * 'n Skool-kleurbaadjie kan gedra word.

- * 'n Skool-“Drimac”, met die skoolwapen op geborduur is toelaatbaar. Geen “Drimac” wat nie dieselfde kleur, ontwerp of kwaliteit as die skool-“Drimac” is, mag gedra word nie.
- * Slegs wit/bottelgroen serpe mag gedra word, maar is opsioneel.
- * Geen Musse/Beanies of ander hoofbedekkings mag gedra word nie.
- * Slegs 'n effe-wit T-hemp mag onder die skoolhemp gedra word, maar is opsioneel.
- * Skooldasse is verpligtend gedurende die winter.



SPORTDRAG VIR SEUNS

Om onnodige onkoste te voorkom word leerders aangeraai om eers spandrag aan te koop nadat die spanne gekies is. Maak asb eers seker van finale spandragvoorskrifte voordat aankope gemaak word. Alle leerders dra die skool se ondersteunershemp tydens L.O. en daarom word aanbeveel dat elke leerder een aanskaf so gou moontlik.

1. ATLETIEK/LANDLOOP

- * Blou broek met geel en groen strepe of neongeel en –blou spanbroek (Lycra).
- * Voorgeskrewe frokkie
- * Wit sokkies met blou en geel strepe

2. RUGBY – Eerste span

- * Wit trui met skoolstrepe (afrigter sal bepaal)
- * Groen broek
- * Blou kouse

3. RUGBY — Tweede span en res

- * Groen trui met blou en geel horisontale strepe (afrigter sal bepaal)
- * Wit broek
- * Blou kouse

4. TENNIS

Eerste span het spesifieke klere, word deur afrigters deurgegee, die res

- * Blou rugbybroek
- * Rassieondersteunershemp
- * Wit of neongeel kouse

5. SWEM

- * Skoolswembroek (swart)
- * Wit Rassieondersteunershemp en bottelgroen Quantec-broek
- * Skoolsweetpak
- * 'n EHS swempet is ook beskikbaar.

6. GHOLF

- * Soos bepaal deur afrigter

7. KRIEKET

- * Wit langbroek
- * Amptelike gholfhempie
- * Sweetpak

8. SOKKER

- * Wit en goud of
- * Blou en wit

9. SKAAK

- * skooldrag soos voorgeskryf

10. NOODHULP

- * Noodhulpdrag soos bepaal deur organiseerders

11. SWEETPAK

- * Neongeel en –blou, beskikbaar by leweransiers.

18. KLEREDRAG - DOGTERS


SOMER

- * Gr 8 – 11 dogters dra 'n groen skoolrompie en wit skoolbloes met die skoolwapen. Die bloes moet ingesteeek word. Gr 12 dogters het 'n skoolwapen geborduur op die skoolrompie en 'n groen lint om die moue van die skoolbloes soos deur die verskaffers aangebring.
- * Rompies mag nie te kort wees nie. Wanneer die dogter regop staan, mag die rompie nie hoër as 4cm bokant die bokant van die knieskyf hang nie.
- * Slegs kort, wit skoosokkies mag gedra word. Sokkies moet omgeslaan wees tot by die enkels.
- * Slegs swart skooskoene – met veters of eenvoudige gespes – mag gedra word. Geen ballet-tipe skoene, seilskoene, sandale of Crocs word toegelaat nie. Slegs skoene met 'n lae hak (skooskoenhoogte) word toegelaat.
- * Geen “beanies”/musse of ander hoofbedekkings mag gedra word nie.



WINTER

- * 'n Groen dogterslangbroek word gedra saam met die wit dogtershemp wat ingesteeek moet word.
- * Alternatiewelik mag die somer-skoolrompie gedra word met lang, grys seunskouse of die wit somersokkies.
- * Oortrekuie (“pull over”) moet bottelgroen wees, maar is opsioneel. RR-lede dra wit oortrekuie.
- * Skooltrekuie moet bottelgroen wees met die skoolwapen op geborduur.
- * Die skoolkleurbaadjie (“blazer”) kan gedra word.
- * 'n Skool-“Drimac” met die skoolwapen op geborduur is toelaatbaar. Geen “Drimac” wat nie die voorgeskrewe kleur, ontwerp en kwaliteit as die skool-“Drimac” is, mag gedra word nie.
- * Slegs wit of bottelgroen serpe mag gedra word, maar is opsioneel.
- * Skooldasse is verpligtend gedurende die winter.
- * Geen musse/Beanies of ander hoofbedekkings mag gedra word nie.



SPORTDRAG VIR DOGTERS

Om onnodige onkoste te voorkom word leerders aangeraai om eers spandrag aan te koop nadat die spanne gekies is. Maak asb eers seker van finale spandragvoorskrifte voordat aankope gemaak word. Alle leerders dra die skool se ondersteunershemp tydens L.O. en daarom word aanbeveel dat elke leerder een aanskaaf so gou moontlik.

1. ATLETIEK/LANDLOOP

- * Blou broek met geel en groen strepe of spanbroek (Lycra) blou en geel
- * Atletiekfrokkie - blou en geel
- * Wit of neongeel kouse

2. NETBAL - Eerste span

- * Word jaarliks deur afrigters bepaal (wit en blou)

3. NETBAL - Tweede span en res

- * Groen romp en groen moulose hemp – verkrygbaar by leweransiers of soos deur afrigters bepaal

4. HOKKIE - Eerste span

- * Wit hemp met geel en blou horisontale strepe (afrigters sal bepaal)
- * Wit broekromp
- * Blou kouse

5. HOKKIE - Tweede span en res

- * Groen hemp met geel vertikale streep (afrigters sal bepaal)
- * Groen broekromp
- * Groen kouse

6. SWEM

- * Vollyf-skoolswembroek (Swart)
- * Wit Rassie-ondersteunershemp en atletiekbroek
- * Skoolsweetpak
- * 'n EHS swempet is beskikbaar

7. TENNIS

- * Soos bepaal deur afrigter

8. SKAAK

- * Skooldrag soos voorgeskryf

9. NOODHULP

- * Noodhulpdrag

10. SWEETPAK

- * Neongeel en –blou sweetpakke is beskikbaar by die leweransiers

LEWERANSIERS VAN SKOOLKLERE

1. Johannico's: Onverwacht Sakesentrum, Tel: 014 763 3425
2. Mogolklub Sportwinkel Tel: 017 763 1549
3. Ondersteunershemp: Slegs by skool

19. KLEREBANK

'n Klerebank word by die skool bedryf. Leerders wat hulle skoolklere ontgroeï of wat die skool verlaat, kan hulle klere aan die skool skenk, om dit weer tot beskikking van ander leerders te stel. Ons help graag, want eenvormige skooldrag is vir ons belangrik.

20. SNOEPWINKEL

Die snoepwinkel by die skool word daagliks vir leerders tydens pouses bedryf asook na skool tot 16:00.

21. OUERINLIGTINGSAADE

Daar is verskeie oueraande gedurende die loop van die jaar in die skoolsaal. Oueraande word deur middel van rondskrywes, kennisgewingborde en sms'e onder die aandag van ons ouers gebring.

Verdere inligtingsaande:	Graad 8	Inligtingsaand
	Graad 9	Vakkeuse-aand
	Graad 12	Inligtingsaand

22. SPORT EN KULTUUR AKTIWITEITE

SOMERSPORT:

Atletiek
Swem
Krieket
Gholf
Noodhulp
Boogskiet
Bergfietsry
Perdry

WINTERSPORT:

Rugby
Netbal
Hokkie
Tennis
Skaak
Landloop
Sokker
Noodhulp
Boogskiet
Perdry
Bergfietsry

- * Leerders word aangeraai om aan minstens een somersport en minstens een wintersportsoort deel te neem.
- * Maandae, Dinsdae en Donderdae vind sportoefeninge plaas in die namiddag of soos deur afrigters gereël.

KULTUURAKTIWITEITE

Aktiwiteite is:

Afrikaanse of Engelse toneel	Redenaars (Afrikaans en Engels)
Debat	Revue
Groentjiekonsert (Verpligtend gr 8's)	Talentaande

23. DAG VOOR SKOOL BEGIN

Ouers/voogde moet afskrifte van die leerder se geboortesertifikaat/ID en bewys van sy/haar skoolvordering (jongste rapport) inhandig. Nuwe leerders moet in die skoolsaal aanmeld vir registrasie, waar die ouers/voogde 'n onderneming sal onderteken. Verplige registrasiefoeie is betaalbaar in die saal. Die departementshoof van Opvoedkundige Leiding sal sal hulp verleen met die maak van vakkeuses. 'n Korting van 7% sal toegestaan word indien die skoolgelde vir die volle jaar voor die tweede week in Februarie betaal word. Busgelde word by Laeveld Busdiens betaal.

Die volgende betaalwyses word aanvaar:

Kontant	Tjeks
Aftrekorders	Internetbetalings

24. AKADEMIESE-/SKOOLAANGELEENTHEDE

VAKKEUSE- Graad 8 - Verpligte 8 Leerareas (CAPS)

VAKKEUSE - Graad 9 - Verpligte 8 Leerareas (CAPS)

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT) en INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT)

Die vakke kan vanaf graad 10 as keusevakke geneem word. Die toelatingsvereiste is 'n D simbool vir Wiskunde aan die einde van graad 9. Toegang tot 'n rekenaar tuis is 'n vereiste met *Microsoft Office 2013 Professional*.

DIE VOLGENDE VAKKE WORD AANGEBIED:

GR 12

AFT HT & ENG FAL

ENG HL & AFR EAT

SEP HL & ENGFAL

WISKUNDE

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

FISIESE WETENSKAP

LEWENSWETENSKAP

ELEKTRIESE TEGNOLOGIE

INGENIEURSGRAFIKA & ONTWP.

SIVIELE TEGNOLOGIE

REKENINGKUNDE

BESIGHEIDSTUDIES

VERBRUIKERSTUDIES

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

REKENAARTOEPAS.TEGNOLOGIE

GEOGRAFIE

VISUELE KUNS

LEWENSORIËNTERING (Verplig)

GR 11

AFT HT & ENG FAL

ENG HL & AFR EAT

SEP HL & ENGFAL

WISKUNDE

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

TEGNIIESE WISKUNDE

FISIESE WETENSKAP

TEGNIIESE WETENSKAP

LEWENSWETENSKAP

SIVIELE TEGNOLOGIE

REKENINGKUNDE

BESIGHEIDSTUDIES

VERBRUIKERSTUDIES

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

REKENAARTOEPAS.TEGNOLOGIE

ELEKTRIESE TEGNOLOGIE

INGENIEURSGRAFIKA & ONTWP.

GEOGRAFIE

LEWENSORIËNTERING (Verplig)

GR 10

AFT HT & ENG FAL

ENG HL & AFR EAT

SEP HL & ENGFAL

WISKUNDE

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

TEGNIIESE WISKUNDE

FISIESE WETENSKAP

TEGNIIESE WETENSKAP

LEWENSWETENSKAP

SIVIELE TEGNOLOGIE

REKENINGKUNDE

BESIGHEIDSTUDIES

VERBRUIKERSTUDIES

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

REKENAARTOEPAS.TEGNOLOGIE

ELEKTRIESE TEGNOLOGIE

INGENIEURSGRAFIKA & ONTWP.

VISUELE KUNS

TOERISME

LEWENSORIËNTERING (Verplig)

25. EKSAMENS/TOETSE GRAAD 8 TOT GRAAD 12

Einde van die eerste kwartaal: gr 8 - 12 mini-eksamen

Einde van die tweede kwartaal: gr 8 - 12 eksamen asook toetse

Derde kwartaal: gr 8 – 11 slegs toetse. Graad 12 toetse en voorbereidende eksamen

Vierde kwartaal: gr 8 – 12 toetse en eindeksamen

Jaarpunte word as volg bereken: Gr 8 - 9 Alle vakke jaarpunt 40% en eindeksamen 60%.

In Gr 10 – 12 – Alle vakke jaarpunt 25% en eindeksamen 75%. Die jaarpunt bestaan dus uit eksamens en deurlopende assessering (DASS)

Leerders word aangeraai om die volledige toetsprogram in die huiswerkboekie te bestudeer en reeds aan die begin van die jaar 'n studieprogram uit te werk.

26. GEDRAGSKODE

SKOOLREÛLS WORD DAAR GESTEL OM ORDE EN DISSIPLINE TE VERSEKER EN 'n SUKSESVOLLE AKADEMIESE KLIMAAT TE SKEP

Die volledige stel gedragsreëls word vervat in die skooldagboekie, maar belangstellendes kan 'n afskrif hiervan aanvra by die adminkantoor van die skool.

VOORKOMS VAN SEUNSLEERDERS

Haarstyl

- * Seuns se hare moet te alle tye kort, skoon en netjies wees.
- * Hare moet in 'n eenvoudige styl gesny wees. Geen vreemde/buitengewone haarstyle is aanvaarbaar nie. Dit sluit in verlengings of aanhangsels ("dreadlocks"), "mohawks", stertjies ("mulletts"), "kokketielkuiwe", "steps", "afro", of "undercuts". Slegs een paadjie mag in die hare gekam word.
- * Hare mag nie laer as 2cm bokant die wenkbroue hang wanneer dit vooroor gekam word nie.
- * Hare mag nie die kraag raak aan die agterkant nie en moet kort opgeskeer d.w.s. uitgedun van bo na onder (nie 'square-cut') wees.
- * Geen patrone/ontwerpe mag in die hare ingeskeer/gekam word nie.
- * Hare moet saam met die haarlyn in die nek gesny en die nek moet skoongeskeer wees.
- * Kaal koppe word toegelaat.
- * Hare aan die kant van die kop mag nie die ore raak of oor die ore hang nie.
- * 'n Bakkebaard ("sideburns") moet kort en netjies wees, uitgedun en nie verder strek as die bokant van die oor nie.
- * Hare mag nie gekleur, gebleik of ge "hi-lite" word nie.
- * Hare bo-op die kop mag nie langer as 3cm wees indien dit regop gekam word nie en hare mag nie orent staan met of sonder die hulp van enige haarmiddels ("gel") nie.

Voorkoms

- * Dra elke dag skoon, netjiese skooldrag.
- * Seunsleerders moet elke dag skoongeskeer wees en indien 'n seun nie skoongeskeer is nie, sal hy huis toe gestuur word om te skeer alvorens hy toegelaat sal word terug by die skool. Snorre moet ook heeltemal afgeskeer wees.
- * Naels moet kortgeknip en skoon wees. Geen langer pinkie- of ander naels word toegelaat nie.
- * Geen juwele mag aan die lyf of kop gedra word nie en sal gekonfiskeer word indien dit gedra word. Gekonfiskeerde juwele sal eers aan die einde van die betrokke kwartaal aan leerders terugbesorg word.
- * Hoede/musse of ander hoofbedekkings wat gedra word sal dadelik gekonfiskeer en in bewaring gehou word tot aan die einde van die betrokke kwartaal.
- * Slegs standaardhorlosies sonder oordrewe ontwerpe mag gedra word en geen Slimhorlosies ("Smart Watches") word toegelaat nie.

VOORKOMS VAN DOGTERSLEEDERS

Haarstyl

- * Hare moet te alle tye skoon, gekam en netjies wees.
- * Sodra hare oor die bokant van die kraag hang, moet dit vasgemaak word in een of twee poniesterte of een of twee vlegsels.
- * Haarvasmaakrekkies en -knippies moet inpas by die skoolkleure en mag slegs bottelgroen/wit/donkerbruin/swart wees sonder enige versierings (steentjies, prentjies, ens.). Haarbolletjies en haarlinte mag slegs bottelgroen of wit wees. Haarbande ("alicebands") of elastiese bande mag slegs bottelgroen/wit/donkerbruin/swart wees en mag geen ander kleure of versierings hê nie. Hierdie bande mag nie breër as 2cm wees nie en mag slegs bo-op die kop (bokant die haarlyn) gedra word, nie op die voorkop nie.
- * 'n Kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie. Sodra 'n kuif laer as 1cm bokant die wenkbroue hang, moet dit vasgesteek word sodat beide oë sigbaar is.
- * Los hare langs die gesig of agter die ore ingedruk, is nie toelaatbaar nie. Die hare moet vasgemaak of vasgesteek word met die voorgeskrewe vasmaakmiddels.
- * Geen vreemde of buitengewone haarstyle wat tot gevolg het dat die dogter onnet lyk word toegelaat nie. Geen oordrewe haarstyle (bv. 'n 'afro' wat meer as 4cm van die kop af wegstaan) is toelaatbaar nie.
- * Hare moet eenvormig gestileer wees en nie bv. uitermate laer aan die een as die ander kant hang nie. Geen patrone mag in die hare ingeskeer word nie.
- * "Corn-rows" word toegelaat maar moet eenvormig wees en nie aan die kraag raak nie. Sodra dit aan die kraag raak moet dit vasgemaak word.
- * Haarmiddels mag nie gebruik word om hare orent te laat staan nie.
- * Slegs natuurlike haarkleur en skakerings van die oorspronklike haarkleur soos deur die son gebleik, word toegelaat mits dit slegs een skakering donkerder of ligter as die natuurlike haarkleur is. Geen haarstrepe of los haarstukke in 'n ander kleur kontrasterend met die oorspronklike kleur mag gedra word nie.

Voorkoms

- * Dra elke dag skoon, netjiese skooldrag.
- * Geen armbande, hangertjies, kettinkies, ringe of enige ander juwele mag gedra word nie en sal gekonfiskeer word sou dit gedra word. Gekonfiskeerde juwele sal in bewaring gehou word en eers aan die einde van die betrokke kwartaal aan leerders terugbesorg word.
- * Hoede/musse of ander hoofbedekkings wat gedra word sal dadelik gekonfiskeer en in bewaring gehou word tot aan die einde van die betrokke kwartaal.
- * Slegs standaard horlosies, sonder oordrewe ontwerpe mag gedra word. Geen Slimhorlosies ("Smart watches") mag gedra word nie.
- * Slegs een paar klein oorkrabbertjies ("studs") van silwer/goud (geen steentjies / pêrels) mag in die ore gedra word, en slegs in die onderste deel van die oorlob. Geen ander oor-, neus-, tong- of ander ringe/"studs" word toegelaat nie.
- * Geen grimering mag gedra word nie.
- * Naels moet te alle tye kort geknip en skoon wees sonder enige naellak of "tips".

INDEX

1. Hoërskool Ellisras: Academic Record 2013 – 2017
2. Choosing a high school
3. Objectives of the school
4. Mission
5. Ethos (Character) of the school
6. Motto of Hoërskool Ellisras
7. Symbolism of coat of arms
8. School Anthem
9. Layout of School Grounds
10. Code of honour of Ellisras Hoërskool
11. Rassie Council
12. School diary
13. School times
14. School timetable
